

**9 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: JESAJA 38:9-21**  
**FOKUSGEDEELTE: JESAJA 38:17**

**Ek vind God in my bittere lyding**

Wanneer het jy die troosryke teenwoordigheid van jou Here die duidelikste ondervind? Die meeste van ons het al ondervind dat jy in tye van voorspoed jou nie altyd so naby die Here voel nie, maar dat jy besonder naby aan Hom is in jou diepste nood. Ons sien dit ook in die lewe van Hiskia.

Hiskia was twee keer in die nood. Die eerste keer het Sanherib, koning van Assirië, met sy magtige leër teen die Israeliete opgestaan. Hiskia bid tot die Here, en sy gebed word verhoor. Deur 'n engel verslaan die Here honderd vyf en tagtig duisend Assiriërs. Daar het groot vrede gekom in Hiskia se tyd.

Hiskia se tweede keer in nood was toe hy in die tyd van staatkundige vrede siek geword het. Toe eers het ware en egte vrede vir Hiskia aangebreek. In vers 9 tot 21 hef Hiskia sy lied aan, want hy sou sterf, maar die Here het hom gesond gemaak en sy lewe verleng. In vers 17 staan daar letterlik "tot vrede het die bitter bitterheid my geword". Om die dood te sien wink, was bitter, maar in sy bitterste bitter, het hy die soetste vrede met God gevind. Die bitterste bitter loop vir God altyd uit op die soetste soet. Christus het ook deur die bitterste lyding ooit vir ons die soetste vrede ooit bewerk. Ons bitterhede is dikwels die middel waardeur God ons roep om uiteindelik in soete vrede een met Hom te wees. Ons vind God in ons bitterhede. Dit is goed om soms so baie te ly – vir die soetste vrede.

*Sing: Psalm 42:5*

*Ds Hennie Briel (Petrusburg/Boshof)*